

17 September

**Skrifgedeelte: Lukas 18:9-14**

**Fokusgedeelte: Lukas 18:13**

### **Die gebed van 'n sondaar**

Die man is skaam. Dit kan nie anders nie, sy sondes was in sy oë geweldig. Sy landgenote het hom verag, want hy was in diens van die die onderdrukkers, die Romeine. Sy werk was om van sy landgenote belasting vir die keiser in te vorder, dikwels meer as wat nodig was sodat hy as tollenaar ook 'n behoorlike verdienste kon kry. Hy was in die Jode se oë 'n bedrieër, korrup, eiegeregtig, 'n volksverraaier.

Só beklemmend was sy sonde vir hom dat hy nie eers die tempelgebou wou binnegaan om te bid nie. Hy bly ver van die aanbiddingsplek van God staan. So skaam dat hy nie eers na die hemel wil opkyk nie, want hy besef hy staan voor die aangesig, in die teenwoordigheid van die heilige God, kenner van die mens se hart. As Jood het hy sekerlik die wet van God geken. Hy was dus bewus van al sy oortredinge teen dié wet. Hy slaan op sy bors, nie omdat hy arrogant is nie, maar in selfaanklag en in wanhoop. Hy is die swakste van swakkeling, die sondigste van sondaars. Hy weet by God is daar hoop, by God is daar genade. Hy tree in sy ellende so anders op as baie ander waarvan die profeet Jesaja (64:7) skryf: Daar is niemand wat tot U om hulp roep nie, niemand wat sy krag in U soek nie. Hy soek genade. Daarom smee hy ernstig en vurig dat God tog versoenend moet optree. Hy honger en dors na slegs een groot seëning, en dit is dat God se toorn nie op hom moet neerkom nie, maar dat hy God se guns sal ontvang.

Die apostel Paulus het hom een met die tollenaar gevoel met sy woorde: Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste.

Jesus beklemtoon in sy uitspraak dat die tollenaar byval by die Here gevind het. Sy sondes is vergewe. Laat ons dan nie arrogant van die lewende God wegdraai nie. Laat ons ons swakhede voor die heilige God stel en om genade smee. Jesus Christus versoen ons deur sy bloedstorting aan die kruis met die hemelse Vader, daarom het ons die versekering van ons Vader: Jou sondes is vergewe, jy het genade in my oë gevind. Dank Hom daarvoor.

*Sing: Psalm 119:53*

*Dr. FG Minnie (Pastorale Berader, Cachet)*